Staan dan Vas

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B294b

Skriflesing uit Ef.6 : 10-20

Kernvers 14: ‘Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan’.

Geliefdes, hier is magtige dinge op die spel in hierdie Skrif- gedeelte; let op die werkwoorde soos ‘staan vas, waak, gebed en smeking, volhard ‘ ens. Hier is aksie en doelgerigtheid.

Daarom is dit die las van my hart om u op te wek om te besef dat daar ‘n stryd is om te stry en oorwinning te verkry.

Staan vas, want ons lewe in ‘n tyd van los waardes, van kompromie, van akkommodasie en dialoog. Sg. Menseverhoudings wat niks anders is as die ‘afgee’ van ons standaarde. Daar is byna geen beginsels meer wat tel nie. Solank as wat mense hulle uit ‘n moeilike situasie kan wikkel dan is dit al wat tel. Maak nie saak of dit eerlik is of nie; geen beginselvastheid meer nie!

Geliefdes, God het hierdie wêreld nie so gemaak nie. Hy is nie tevrede met dinge soos dit gaan nie, en daar gaan ‘n dag kom wat dit verby sal wees. Wanneer die Here daardie finale woord spreek, waar gaan die mense wees? Waar gaan u en ek wees?

Het u nie al begin voel dat hierdie dinge begin grawe aan u eie lewe soos gronderosie maak nie? Staan u walle nog vas geliefdes? Hoe lyk dit met u beginsels? U sin vir waardes?

Daarom wil ek u vandag bemoedig en aanspoor en vermaan en vir u sê: Waak! Want hierdie verval kom nie net altyd met geweld nie – dit kom juis geleidelik! Dis asof mens dinge begin aanvaar wat vroeër vir jou ‘n gruwel was.

Wat van die godsplan, wat van God se vereistes? Waar is ons sin vir getrouheid, ons woord van eer, ons familiebande, beginsels waarop ons staan?

Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.